



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 43: 24 APRIL 2015

DIE TYD IS NOU!

Met die tweede kwartaal reeds twee weke oud, raak mens toenemend bewus van die meedoënloosheid van die horlosie wat onverpoos vorentoe beurt! Daarom is daar geen beter tyd om die regte ding te doen as juis NOU nie. Dit geld veral die akademie. Die Junie-eksamen begin alreeds op 2 Junie en April lê op sy rug. Die sillabusse is vol en 'n magdom take en SBA-opdragte moet nog afgehandel word. Intussen is die wintersportprogram voluit aan die gang en stel ons kultuur-aktiwiteite ook baie hoë eise. Maklik sal dit dus nie gaan nie.

Tog is daar die wonderlike versekering dat ons die pad nooit alleen hoef te stap nie. Mense word op ons pad geplaas juis om ons las ligter te maak. Kom ons maak ook NOU tyd om die verhoudings in ons lewe weer bietjie op te kikker te te koester. Niemand sê jy moet jou onderwyser se beste vriend raak nie, maar hy of sy is toevertrou met 'n roeping om jou beste akademiese vriend te wees en werklik jou belange op die hart te dra! Jou ouers mag jou dalk van tyd tot tyd irriteer, maar hulle is juis daar om jou beste vriend te wees wanneer jy worstel met die keuses in jou lewe. Niks kan die liefde van 'n ouer klop nie. En dan is daar jou sogenaamde portuurgroep. Die ouens wat jou eintlik voordurend onder druk sit om GROOT keuses te maak. Kyk hulle maar mooi uit, my maat. Val eerder terug op jou beste vriende. Hulle is dalk nie so outyds soos hulle lyk nie. Maar bo alles, moet nooit vergeet van jou HEEL BESTE VRIEND nie. Hy wat jou nooit, maar nooit, sal "drop" nie. In Sy Woord gee Hy die versekering dat jy tot alles in staat kan wees met Sy krag!

Maar die tyd is NOU. Maak dinge nou reg, pak die bul nou by die horings, raak NOU die awesome mens wat net jy kan wees.

BENUT DIE TYD REG EN STAAN VERSTOM OOR WAT JY KAN REGKRY!

DIE "NUWE SUID-AFRIKA" WORD MONDIG

Ons het heelwat vakansiedae in Suid-Afrika, en April en Mei is gewoonlik die hoogtepunt van die "vakansiedag-seisoen". Juis daarom gaan die betekenis van baie van hierdie dae maklik by ons verby. Maandag vier ons die 21ste verjaardag van die demokratiese Suid-Afrika wat met die algemene verkiesing van 27 April 1994 tot stand gekom het. Ons kan sekerlik lang lyste maak van alles wat verkeerd en "slegter" is in ons land, maar die Here was ook baie goed vir ons in hierdie 21 jaar. Een van die grootste seëninge is sekerlik die feit dat Christene steeds hul geloof 100% mag beoefen, en dat ons Grondwet werklik ons fundamentele menseregte beskerm. Kom ons vier Vryheidsdag Maandag met 'n gevoel van dankbaarheid, en kom ons vertrou opnuut ons Hemelse Vader dat Hy ons land sal seën. Kom ons bid vir vrede vorentoe en 'n einde aan die sinnelose geweld. Mag u 'n aangename langnaweek geniet!

Sport môre by
Daniel Pienaar

Eksamenrooster
op Bladsy 3

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Marné Ackermann 8D
Stefan Hanekom 12D
Charné Kleinhans 8B
Jean-Paul Meyer 8F
Dillan Slater 11F
Ruaan Watson 12D

Sondag

Shené Delport 10A
Catherine Stow 8F
Willéne Theron 11E

Maandag

Kayla Viljoen 12G

Dinsdag

Hermias Nieuwoudt 10E
Michaela Olivier 9D
Kian Terblanche 12G
Jean Theron 12A

Woensdag

Anneke Knoesen 12E
Keano Petrus 8B
Stephen Tait 12A
Ansunel van Rooyen 10B

Donderdag

Marcel Jordaan 11D
Justin Whittock 12B

Vrydag

Shannon Rosslee 10C
Anli Thiel 9C
Roché van As 9G
Amoré van Bruggen 9F

PRESTASIES EN UITSLAE

Shani, Wilanie, Dewald en Anneke hou ons naam hoog!!



SHANI SMIT, een van ons uitstaande sportvroue, is die eerste vrou uit die Oos-Kaap wat na die Internasionale Skermvereniging se Wêreldbekertoernooi genooi is. Sy is 13de op die nasionale skermranglys, en een van die land se top-15 wat genooi is om in Mei aan Wêreldbeker-toernooi in Gauteng deel te neem. Altesaam 250 vroue uit 40 lande sal daar kragte meet. Shani het die sport vyf jaar gelede begin beoefen nadat sy met moderne vyfkamp begin het, waarvan skerm een van die items is. Sederdien fokus sy sterk op skerm, en pluk sy nou die vrugte van haar harde werk. Framesby is besonder gelukkig om 'n sportvrou van jou kaliber te hê, Shani, veral omdat jy die skool op soveel terreine met groot onderskeiding verteenwoordig. Baie sterkte!!

Ons super-tennisspeler, **WILANIE VAN ZYL**, het einde Maart aan die SA Skole Toernooi deelgeneem. Alhoewel sy ses maande gelede 'n knieoperasie ondergaan het, en met 'n kniestut moes speel, het sy 5 uit haar 6 enkelspelwedstryde op nommer een vir die OP gewen en met die top-spelers van Vrystaat, Gauteng, Gauteng Noord, Grens en Limpopo afgereken. Wilanie is na afloop van die toernooi in die SA Onder 19 Skole Span opgeneem, waar sy die enigste Graad 11-leerling in die span is. Framesby is vreeslik trots op jou Wilanie!

Nog 'n dametjie wat ons oor die jare bederf het met haar ongelooflike prestasies, is **ANNEKE KAPP**. As Gewigstoot- en Diskus-atleet het sy nie haar gelyke in die Oos-Kaap nie, en het sy reeds etlike nasionale titels verower. Tydens vanjaar se nasionale Skole-kampioenskappe het sy die Silwermedalje in die Diskus verower. Baie geluk, Anneke! Pragtige prestasie!

Intussen het **DEWALD VAN NIEKERK**, die goeie nuus verneem dat hy hy ingesluit is in die Suid-Afrikaanse Muurbalspan wat later vanjaar in Maleisië aan 'n internasionale byeenkoms gaan deelneem. Nog 'n pragtige prestasie, Dewald. Framesby is ongelooflik trots op jou!



SPORTUITSLAE TEEN DESPATCH

Tydens verlede naweek se bepaling het ons sportspanne oor die algemeen baie goed gevaar.

Al ons Netbalspanne het gewen, met die uitsondering van die eerste en tweede span. Die wedstryde moes by Sunridge plaasvind aangesien die nat weer die opknapping van ons bane aansienlik vertraag het. Ons sien uit na baie goeie wedstryde volgende naweek teen Grens.

Die Dogtershokkiespanne het skoonskip gemaak en al hul wedstryde gewen. Die eerstespan het ongelooflik goed gedoen deur Despatch met 'n allemintige 6 – 0 te verslaan! Pragtig meisies! Doen so voort.

REDENAARS BLINK UIT!

Heelwat van ons leerders werk so in die stilligheid baie hard aan aktiwiteite waarvan die meeste van ons min weet. In die proses maak hulle groot naam en sorg hulle dat Framesby wyd bekend is as 'n skool waar die dieper dinge in die lewe baie gewig dra! So het vyf van ons leerders verlede kwartaal deelgeneem aan die ATKV – Redenaarskompetisie wat by Hoërskool Pearson aangebied is. Drie van hierdie hierdie leerlinge gaan die Oos Kaap verteenwoordig by die semi-finaal wat op 15 Mei plaasvind. Ons sê baie geluk aan Anel Gerber (Gr.12) en Karla Muller (Gr.10) wat aan die Onvoorbereide afdeling gaan deelneem en Sanri Marx (Gr.10) wat aan die Voorbereide afdeling gaan deelneem. Ons glo hul sal 'n hond uit 'n bos praat by die volgende ronde.

Al ons rugbyspanne, met die uitsondering van die O/15B-span, het hul wedstryde gemaklik gewen. Baie geluk aan al die spanne. Hierdie naweek speel ons teen Daniel Pienaar, en ons hoop om volgende week met trots oor ons goeie wedstryde te berig. Ons sien veral uit na die eerstespan-wedstryd. Maak ons trots, manne!

AKADEMIE EN SPORTPROGRAM

Die Maart-toetsreeks, en die vakansie, is agter die rug, en soos op die eerste bladsy genoem, is daar 'n skamele VYF weke oor totdat die Junie-eksamen begin. Hierdie eksamen is baie belangrik vir al ons leerders deurdat almal oor die hele eerste semester se werk getoets sal word, en dat dit die eerste vol eksamen van die jaar is. Ver al die Graad 8-leerders mag dit as bietjie oorweldigend ervaar. Vir die Graad 12's kan die Junie-punte nog deure oopmaak by die Universiteite en vir beursaansoeke. Die eksamenrooster is hieronder aangebring, en weens 'n gebrek aan spasie is die vakke baie kripties afgekort. Hier volg die lys van vakke:

Afr – Afrikaans, Eng – English Home as well as Additional Language, Wisk – Wiskunde, WG – Wiskundige Geletterdheid, LO – Lewensoriëntering, FW – Fisiese Wetenskappe, LW – Lewenswetenskappe, Rek – Rekeningkunde, BS – Besigheidstudies, Mus – Musiek, Geo – Geografie, IGO – Ingenieursgrafika en –Omtwerp, CAT – Rekenaartoeëpassingstegnologie, IT – Inligtingstegnologie, VS – Verbruikerstudie, Toer – Toerisme, NW – Natuurwetenskappe, SW – Sosiale Wetenskappe, Gesk – Geskiedenis, EBW – Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Teg – Tegnologie, SK – Skeppende Kunste. Die 1 of 2 by sommige vakke dui op die eerste of tweede vraestel. Die skryfsessies sal om 07:40 en 12:30 begin. Finale reëlings sal later volg.

Junie-eksamenrooster

03/06	Graad 8	Graad 9	Graad 10		Graad 11		Graad 12	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag	Oggend	Middag
03/06	EBW	Eng. 1	Afr. 2	Mus. 1	LW	IT 1	CAT/ IT 1	
04/06	Eng. 1	Teg.	VS	IGO	CAT 1	Mus. 1	Eng. 1	Toer.
05/06	Afr. 1	SW (Gesk.)	BS	IT 1	FW		Wisk/WG 1	LO
08/06	Wisk.	NW (LW)	LW		Wisk/WG 1		FW 1	
09/06	LO	Afr. 1	Eng. 2		Eng. 2	LO	Afr. 1	IGO 1
10/06	NW (FW)	LO	Wisk/WG 1	LO	BS	IGO 1	Rek	VS
11/06	SW (Geo)	Eng. 2	Afr. 1		Afr. 2		Geo/Mus 1	Geo. 2
12/06	SK	EBW	CAT 1		Rek.		Wisk/WG 1	
17/06	NW (LW)	SW (Geo.)	FW		Wisk/WG 1		LW	Mus 2
18/06	Eng. 2	Wisk.	Eng. 1	IT 2	Afr. 1	Toer.	Eng. 2	
19/06	SW (Gesk)	Afr. 2	CAT 2	Mus. 2	VS		CAT/IT 2	
22/06	Afr. 2	Xho/Mus	Rek.		Eng. 1	IGO 2	FW 2	
23/06	Teg.	SK			CAT. 2		Afr. 2	
24/06	Mus Prak	Mus Prak	Geo. 1	Geo. 2	Mus. 2		BS	
25/06	Xho/Mus	NW (FW)	Toer.		IT. 2		IGO 2	



Self die bye hou die skeidsregter dop!

SPORTPROGRAM SATERDAG 25 APRIL FRAMESBY VS DANIEL PIENAAR

NETBAL

TYD	
08:30	O/14C
09:10	O/9B (C-liga)
09:50	O/19A (B-liga)

RUGBY

TYD	A-VELD	B-VELD	C-VELD
08:00	O/14A		
09:00	O/15A	4de	O/14C
10:00	O/16A	3de	O/14B
11:05	2de	O/15B	O/16B
12:10	Pawiljoenchoreografie (DP)		
12:40	1ste		

KOM EN ONDERSTEUN ONS SPANNE!!

IETSIE VIR DIE SIEL

Gereserveerd

DIT val 'n mens op dat Jesus by verskillende geleenthede sy dissipels oor hulle kleingelowigheid bestraf het. Kleingelowigheid is die houding van 'n mens wat nie heeltemal sonder geloof is nie, maar wat tog ook nie bereid is om God ten volle te vertrou nie. 'n Mens kan dus nie sê dat 'n kleingelowige nie 'n dissipel van Christus is nie. Hy is 'n dissipel, en Christus aanvaar hom ook as sodanig. Maar uit sy optrede en houding teenoor die lewe blyk dit dat hy tog 'n gereserveerde houding teenoor die beloftes en geboeie van God, en dus ook teenoor God self, inneem. Daaraan word dit duidelik dat hy met betrekking tot die geloof nog maar klein is, of dat sy geloof self nog maar klein is. Jesus bring die kleingelowigheid volgens Luk. 12:28 in verband met die sorg van die lewe. Na die mate waarin 'n dissipel van Christus toelaat dat sorg en kommer oor aardse dinge sy lewe vervul, openbaar hy dat hy Gods beloftes tog nie ernstig opneem nie. God belowe ons dat Hy vir ons sal sorg en Hy gebied ons om Hom daarvoor te vertrou, maar ons sien tog nie daarvoor kans nie. Ons meen dat ons maar liever self vir ons lewe en toekoms moet probeer sorg. Ons openbaar daarmee dat ons God wantrou, selfs al sal ons dit nie maklik openlik sê nie. 'n Gereserveerde houding teenoor God en sy beloftes toon egter dat ons lewe deur vrees bepaal word: vrees vir die toekoms, vrees vir wat alles verkeerd kan loop, vrees dat ons nie genoeg sal hê om te eet en te drink nie, dat ons ons identiteit sal verloor, dat ons ondergeploeg sal word, ens. Daarom is ons ook so gereserveerd teenoor ander mense. Ons sien hulle altyd as 'n bedreiging. Ons vermoed altyd dat hulle ons op een of ander manier onderdeur sal spring. Ons glo dat hulle bepaald duistere motiewe moet hê. Ons houding teenoor ander mense word maar net 'n refleksie van ons houding teenoor God en sy beloftes. Ons word suur, agterdogtige, onvriendelike en negatiewe mense, omdat ons nie die vryheid ken wat die egte vertroue op God aan ons skenk nie. Dit sou vreeslik wees as die kerk as geheel so 'n houding sou openbaar. Krampagtigheid, agterdogtigheid, gereserveerdheid en negatiewiteit moet nie verwar word met opregte verantwoordelikheid vir die waarheid en die begeerte om die Here in alles volgens sy Woord te dien nie. In hierdie opsig kan daar maklik gesigsbedrog plaasvind. 'n Mens kan verkeerdelik die krampagtigheid en gereserveerdheid van die kleingelowigheid aansien vir opregte ywer vir die ware geloof. Tog gaap daar 'n afgrond tussen hierdie twee dinge. Egte geloof en vertroue in God maak 'n mens juis vry, inskiklik, ruimhartig en versekerd. Kleingelowigheid doen presies die teenoorgestelde.

Uit *Die Burger* 18 Oktober 1986

Die verantwoordelike gebruik van Sosiale Media

Dié manier van kontak tussen mense kan as 'n revolusie beskou word. Dit het dan ook tot die val van regerings in die modern era gelei. Binne 'n paar ure kan 'n klomp mense tot optrede gemobiliseer word. Dwarsoor die wêreld kan daar in 'n oogwink gekommunikeer word.

Deesdae kan navorsing oor 'n spesifieke onderwerp baie vining oor die internet gedoen word. Jy kan letterlik alles aanlyn aankoop of bespreek en kan van jou huis af 'n besigheid bestuur.

Die gebruik van die internet hou ongelukkig ook baie gevare in en dit is wat ek wil aanspreek. Ek wil egter die leerlinge se aandag op 'n paar kwelpunte wys.

1. Wees goed vertrou met die privaatheidinstelling op jou sosiale netwerp. Jy moet doodseker maak dat inligting rondom jou net aan mense verstrekkend word wat jy 100% vertrou. Dit is nou inligting oor waar jy woon, waar jy skoolgaan, wanneer jy wat ook al doen. Selfs dan moet jy baie seker maak dat die inligting wat op jou webblad is nie teen jou gebruik kan word nie.
2. Deur die sosiale media te misbruik, veroorsaak dat jy baie tyd aan verskillende netwerke gee. Sodoende word ander belangrike dinge agterweë gelaat. Byvoorbeeld, dit is 'n groot probleem as jy te veel tyd op die internet spandeer en dat jou akademie daaronder lei.
3. Jy moet nooit jou reputasie op jou webwerf prys gee om gewild te wees onder die gebruikers nie. Nooit kan jy foto's wat op dié manier van jou versprei word, terugkry nie.
4. Die sosiale media moet nie vir enige vorm van teistering of lasterlike aantuigings gebruik word nie. Dit kan tot 'n kriminele klag teen jou lei.

GENIET DIE SOSIALE MEDIA EN GEBRUIK DIT VERANTWOORDELIK TOT JOU VOORDEEL!

BOEMELAARS-DANS

VRYDAG 15 MEI
R100 P.P.

SPIT-ETE

VOORSIEN EIE DRINKGOED
KAARTJIES BY MEV. CRONJE

TEN BATE VAN DIE LANDLOOP